

4 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 22:34-40
Fokusgedeelte: Matteus 22:37-39
HK, Vraag 4

God eis liefde

Liefde is die beste van alle gawes, sê die Gees in 1 Korintiërs 13:1. Liefde is die begrip wat ons meesal die slegste verstaan. God se wet eis liefde. Die hele Tien Gebooie sê dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself. Wat is liefde? 'n Kort verklarende vertaling van Johannes 3:16 behoort dit te verduidelik: "So 'n hoë waarde het God aan die wêreld (wat eintlik niks werd is nie) toegeken, dat Hy sy eniggebore Seun daarvoor opgeoffer het."

In ons situasie draai ons dit om. Ons ag ons persoonlik as die waardevolste van alles in die lewe. Ons sorg goed vir onself. Ons is besorg oor ons gesondheid, ons kos en klere, ons persoonlike ruimte en ons toekoms. As die wet egter eis dat ons God moet liefhê, beteken dit dat ons dieper besorg oor God moet wees as oor onself. God is immers vir ons baie meer werd as ons ooit in ons eie oë kan wees! Wat hiermee gelyk staan, is dat ons is net so besorg oor ons naaste moet wees. Hulle mag wel net soos ons sondaars wees! Hulle mag niks werd wees nie! Maar ons behoort hulle hoog te ag en opofferings te maak vir hulle gesondheid, hulle kos en klere en hulle toekoms. Dit is liefde.

Nou moet ons verstaan dat ons nie 'n bepaalde gebod kry om ons aan te meet nie. Ons word aan die Groot Gebod gemeet. Ons sou elkeen van die Tien Gebooie as 'n vyeblaar kon gebruik, maar die liefdeseis laat elke vyeblaar val, sodat ons voor God staan soos 'n vyeboom in die winter – koud en kaal. Dit gebeur omdat ons dié Troos het, Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 9-4:1, 5 (Sb 21)

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)